Markus 8:27-38 **WATTER CHRISTUS DIEN JY?**

**Wie is Jesus?** Ag, dis maklik, teoreties ken ons die antwoord goed. Ons bely dit immers gereeld in die Twaalf Artikels: …
**Wie is Jesus VIR JOU?** Nou moet ons mooi nadink. Petrus het ook die regte antwoord geken. Jesus self gee hom 'n regmerkie daarvoor. Tog het hy iets anders as Jesus daaronder verstaan. Daaroor moes Jesus hom net daarna weer teregwys.
*Twee mense kan dieselfde van Jesus sê, maar verskillende dinge daarmee bedoel. Ons beskou onsself almal as christene, maar kan op die ou end dalk heeltemal verskillende Christusse dien!*

**1. JESUS IS DIE CHRISTUS**
Wie is Jesus? Wanneer mens wil uitvind wie iemand werklik is, is daar verskeie maniere wat jy kan oorweeg.
1.1 **Dokumentasie:** Jy kan so een se dokumente nagaan – sy/haar "papiere": ID, geboortesertifikaat, CV, paspoort, kriminele rekords en seker ook die inskripsie op sy grafsteen (Ipekonders: Sien julle nou – ek WAS siek!).
Die hele Nuwe Testament dien as Jesus se **ID.** Sy **geslagsregister en geboortesertifikaat** is reeds in Matt 1. Sy reise is deur al die evangeliste opgetreken: sy **paspoort** is gestempel van Galilea af tot in Jerusalem. Ons kry sy **getuigskrifte** in al die boeke van die NT. 'n Mens sou die NT sy **biografie** kon noem. In die laaste hoofstukke kry ons die **kriminele aanklagte** teen Hom opgeteken met **die inskripsie** op sy kruis: *"Die koning van die Jode."*
**1.2 Mense:** Behalwe dokumentasie, kan jy ook mense wat die persoon geken het, raadpleeg – vyande en vriende, kollegas en familie. Die **fariseërs** het Jesus uitgekryt as 'n wynsuiper, vraat, valse profeet, valse koning, leuenaar (Mark 2:7, 14, 15). So wou die **kommuniste** Jesus se verhaal uitwis, die **humaniste** wou Hom ontmasker as net 'n gewone mens, die **New Age** wou eweneens die godheid van Jesus aantas, die **wetenskap** wou Hom as leuen blootlê…
Die filosoof **Frederich Nietsche**, wat sy lewe lank Jesus se godheid ontken het, het op sy sterfbed getuig: *"Jesus Christus, die Seun van God het my ingehaal!"* Ook **Jaros Lawski**, voormalige voorsitter van die internasionale Ateistiese beweging, het kort voor sy dood gesê: *"Ek wou God nooit erken nie, en nou moet ek Jesus Christus in die oë kyk."* Ons hoor dus **twee stemme** uit die mond van Jesus se vyande: Diegene wat Hom afmaak as skelm en skuldig, en diegene wat in skaamte die knie moet buig en erken Jesus is die Seun van God!
Dan is daar ook die **publieke opinie** waarna jy kan luister. Jesus vra: *"Wie sê die mense is ek?"* Party het gedink Hy is **Elia**. Hoekom? Dit is

duidelik dat Jesus soos Elia oor *besondere mag* beskik. Dit is ook duidelik dat die mag spruit uit 'n besondere verhouding met God die Vader. Beide is *profete* van God wat groot dinge vir God vermag het. Dink byvoorbeeld aan Elia se opwekking van 'n seun wat dood was (1 Konings 17) en sy dramatiese oorwinning oor die 450 Baälprofete.
Maar Jesus **is nie maa**r Elia of *soos* Elia nie. Elia staan VOOR die *aangesig* van God – Jesus IS God se *gesig* vir die wêreld. Die woord van die Here het TOT Elia gekom – Jesus IS die WOORD van God (Johannes 1:14).
Hy is ook nie **Johannes die Doper** nie. Hy *doop* nie net mense nie, Hy *reinig* mense van hul sonde. Hy is nie net 'n *regverdige* mens nie, maar het die wêreld kom *regverdig*.
Ons kan dus ook nie saamstem met **die Jode en die Moslems** wat beweer Hy was net 'n groot profeet en nie ook die Seun van God en self ook God nie.
1.3 Ons God en ons **hemelse Vader** sê van Hom: *"Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My."* (Mark 1:11)

**Wat is nou ons gevolgtrekking?** Jesus vra vir die dissipels, en vir u en my: *"Het julle nou al die saak vir julleself uitgemaak wie ek is? Wie sê JULLE…JY, is ek?"* DIT is op die ou end die **belangrikste** – nie wat ANDER oor Hom sê nie, maar JY? (Taak oor Swat Teologie by prof Willie Jonker)
*"U is die Christus!"* antwoord Petrus. Dit is die regte antwoord. Dit is wat Jesus graag wou gehoor het. Christus beteken **Gesalfde**, in Hebreeus Messias. Met ander woorde hulle *herken* en *erken* en *aanvaar* Hom as **die beloofde Messias.**
**Dit is wat ons as Christene ook bely.** Ons word ***christene*** genoem omdat ons *volgelinge van Jesus, die Christus* is – nie Jesus, die profeet/ die besondere mens/ die Goeie Voorbeeld nie.

## 2. JESUS IS DIE LYDENDE CHRISTUS

Ons ken die uitdrukking: ***"From hero to zero!"*** Die een Saterdag is die Springbok rugbyspeler speler van die wedstryd en almal se held omdat hy sy span laat wen het en die volgende Saterdag is almal vir hom woedend omdat hy die bal laat val en die Bokke laat verloor het.
Dis byna soos wat dit **met Petrus** daardie dag gegaan het. Eers kry hy 'n **regmerkie** omdat sy antwoord op Jesus se vraag absoluut in die kol was. Kort daarna **bestraf** Jesus hom omdat hy hom deur satan laat voorsê het. Dit was nadat Jesus hulle **beter ingelig** het oor *watter soort Messias* Hy is. Hy IS die Messias, ja, maar die mense het so 'n **verwronge siening** oor die rol van die Messias dat hulle liewer vir eers nie moes weet dat Hy

die Messias is nie. Hy wou eers vir hulle **leer** wat hulle van die Messias kon verwag en wat nie.
So vertel Hy die **eerste keer** vir hulle dat Hy sou moes LY (:31). Hy bring vir hulle die **skokkende nuus** dat die godsdienstige leiers Hom gaan verwerp en Hom gaan doodmaak. Daarna sal Hy darem weer opstaan. Hy is die LYDENDE Christus.
Dit was vir die einste Petrus net **te veel**. Sy reaksie toon dat al het hy die *regte antwoord* geken, hy dit heeltemal *verkeerd verstaan* het. Hy het waarskynlik ook **'n politieke Messias** in gedagte gehad. Iemand soos koning Dawid van ouds. Jesus se woorde het **nie ingepas** by sy toekomsdrome en verwagtinge nie. Nee, Jesus was hopeloos te negatief en pessimisties. Hy het dit **sy roeping geag** om Jesus reg te help en te motiveer, om soos ons sal sê, *"sy kop te swaai.*"
En as Jesus hom **klaar berispe** het, gaan Hy verder en verduidelik sy volgelinge watter **implikasies** dit nou vir HULLE het dat Hy so 'n soort Messias is. HULLE moes 'n **kopskuif** maak. Daar **wag nie** vir hulle blink motors, vet salarisse en hoë poste nie. Inteendeel – hulle moes heeltemal van eie voordeel en eie belangrikheid vergeet. Hulle moes elke dag gekruisigde lewens lei, dood vir die sonde, maar lewend vir God. **Die Boodskap:** *"As iemand my volgeling wil wees, moet hy sy hele lewe vir my gee. Ek sal met niks minder tevrede wees nie. Om My te volg is nie altyd maklik nie. Dit is soos om jou eie kruis na jou dood toe te moet draas Ek dit van jou vra. Dit is soos om jou eie doodvonnis te teken. As jy net vir jouself lewe, sal jy uiteindelik jou lewe vir ewig verloor. As jy egter bereid is om alles wat Ek vra vir My te gee, al is dit ook jou lewe, sal jy uiteindelik jou lewe vir ewig behou. Jy moet die keuse doen."*
(8:34-35)

DIT, broer en suster, is **die toets vir Christenskap**. Nie of ek die *regte antwoord* ken op die vraag wie Jesus is nie, maar of ek Hom as die gekruisigde en opgestane Christus *volg*.
**Wie is <u>Jesus</u> vir jou?**
Hy is die Christus.
**Wie is <u>Christus</u> vir jou** – *'n politieke een*, wat sorg vir allerhande byvoordele soos gesondheid, geluk, voorspoed, gewildheid, mag en aansien? Dit is 'n valse Christus, 'n wanvoorstelling van satan!
Of dien jy ook die Christus wat gesê het dat ons in hierdie wêreld dit *moeilik sal hê*, maar dat ons kan moedhou omdat Hy die wrld oorwin het?
Hoeveel *eiebelang* is daar nog in ons godsdiens en in watter mate gaan dit om *God se belang*?
**Watter Christus dien jy?**
**Ons sal hierdie week die vraag met ons lewe beantwoord.**
**Amen.** 13 Sept 2009